

NORME EN ONS VERANDERENDE WÊRELD

ALLE norme is Skrifgebonde, van God verorden, eis van elke gelowige onderworpenheid en gewillige gehoorsaamheid. In hierdie opsig is norme dus van buite gegee, aan ons opgelê en dit geld vir alle eeue.

Nou wil ek kom by hierdie lewe waarin ons elke dag leef en beweeg. Hierdie lewe is 'n sondige lewe en norme is juis gerig op hierdie sondige lewe om hier koersbepalers te wees. Hierdie lewe verander voortdurend en verkeer so dikwels in die grepe van sondige uitbarstings op velerlei vlak. Ons het te doen met *oorlog en sy verskrikkinge*, waar skynbaar alle norme oorboord gegooi word. Ons het te doen met *politieke*, maar ook *geestelike rewolusies*, waar skynbaar elkeen sy eie norm het. Ons het te doen met die *kuns in al sy geledinge*: romankuns, skilderkuns, beeldhoukuns. Ook hier word eintlik bepleit dat die kuns sy eie norme het en nie aan etiese norme gebind mag word nie. Ons het te doen met 'n *samelewing* waarin geslagtelike verhoudinge losgeraak het, die huwelik bevraagteken word en sedelike eise wat die gewone weg van ordentlikheid voorskryf, as ouderwets weggeskouer word.

Kom daar veranderings?

Die vraag is nou: Verander norme in oorlogstyd? Is norme onderhewig aan wysiging by veranderende tye?

Dit bring ons voor uiters ernstige vraagstukke te staan. Hierdie sondige lewe kan ons dwing om ons grondslae nie meer duidelik te sien nie en dan aanpassings te maak, toegewings aan te bied. En hoever kan 'n mens dan gaan? Oorlogstye is nie al ontwrigtende omstandigheid, waar lewe nie geag word, waar bedrog en diefstal, vernielug en vernietiging heers nie. 'n Mens kan vra: Mag ons in oorlogtyd dan doen wat ons wil? Eers dan besef ons dat ons die oorlogsmonster nog veel gruweliker kan maak as 'n roekelose menseslagting toegelaat word, as alle menswaardigheid vergeet word en as God-waardig te lewe nie meer ons norm is nie.

Ons moet sê: diefstal is ook in oorlogstyd sonde en elke soldaat moet hom elke dag voor God verootmoedig om elke euweldaad wat hy, miskien onder bevel, moes pleeg. En anders sou niemand in sulke omstandighede sondig nie, omdat die hel losgelaat is op aarde.

Werk van die Gees

Dit is hier waar ons met 'n paar woorde wil spreek oor die werk van die Heilige Gees in ons harte en lewens. Vir die sedelike lewe is die inwerking van die Gees 'n onmisbare — en deur ons as gelowiges ervaar as 'n heerlike wete. Die Heilige Gees het kom woon binne die sondige lewensverbande en roep in die harte die geloof wakker, bring tot berou, laat jubel as ons onself deur sy krag oorwin om ons nie aan die brutheid van sonde oor te gee nie.

* Verskyn in: *Die Kerkblad*, 12 Junie 1974, 10 — 11.

Die Heilige Gees maak die Wet van God, maak Gods Woord 'n deel van ons lewe, van ons mondering. Dié Woord en Wet staan nou nie meer buite ons nie maar die kind van God is wederbaar, het 'n nuwe geboorte ondergaan en is 'n nuwe mens met 'n behae in Gods Woord en Wet. Gods Wet word ons wet waarin ons ons verlustig.

Daarom kan Dawid sê (2 Sam. 22:21-25): „Die Here het met my gehandel na my geregtigheid; na die reinheid van my hande het Hy my vergelde. Want ek het die weë van die Here gehou en nie goddeloos van my God afgewyk nie. Want al sy verordeninge was voor my, en sy insettinge — daar het ek nie van afgewyk nie. Maar ek was opreg voor Hom, en ek was op my hoede vir my ongeregtigheid. So het die Here my dan vergelde na my geregtigheid, na my reinheid voor sy oë.”

Die Apostel Paulus spreek dikwels van hierdie nuutgewekte lewe, so sê hy (in Rom. 7:22): „Ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens.”

Die Heidelbergse Kategismus se antwoord op die vraag: Waarom word jy 'n Christen genoem is: „Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel het aan sy salwing.” By die Heilige Gees hoor ons dat Hy ons deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig maak en deur die krag van die Heilige Gees soek ons wat daarbo is, waar Christus is aan die regterhand van God. Ook laat die krag van die Heilige Gees ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, maar altyd sterk teëstand bied, totdat ons eindelijk vir goed die oorhand behou.

Ons kan begryp waarom koning Dawid Uriah vermoor het met sy roekelose opdrag aan Joab en hom glad nie voor God kon verberg het met sy yskoue woord „die swaard verteer die een sowel as die ander”. En as Johannes die Doper deur soldate gevra word „En ons, wat moet ons doen?” is die antwoord: „Julle moet niemand geweld aandoen of iets afpers nie.”

In die sondige lewe is daar ook geen sprake van willekeur nie. Ook hier kom ons bely dat ons vertikaal moet leef uit die Heilige Gees en sy werking in ons harte. Ons gewete is dit wat in ons teer en keurend wakker gehou word deur Gods Gees en in elke omstandigheid moet ons in Christus leef.

Afgelei — op bepaalde wyse

Afgeleide norme word deur ons afgelei, maar kan alleen in Geestesverbondenheid afgelei word. In ons rasende, woelige lewe het ons 'n verskeidenheid van norme waarvan ons slegs 'n paar noem. *Verkeersnorme* waar ons ons naaste se lewe in ag moet neem en ook menswaardig op die pad moet verkeer. *Sportnorme* waar ons nie roekeloos onself kan prysgee om na eie wil te handel nie. *Kledingsnorme* waar ons nie mekaar verlok en verlei nie. Ons kan hier talle byvoeg waaroor in ons veranderende lewe telkens weer opnuut besin moet word, maar waar ons nie maar met die tyd meegaan nie, maar in die tyd leef as mense wat Geestes-

gebonde is omdat ons Geestesgeleid en daarom 'n eie klank in hierdie lewe telkens laat hoor.

Hierdie norme dek die volle lewe in al sy verskillende situasies en is daarom vir die lewe hier en nou. Dit is nie maar tradisiegebonde nie, hoewel dit soms wel die geval mag wees, want die Heilige Gees werk tog deur die geslagte heen. So verkry die norme ook 'n geskiedenis en kan dit in sy voortgang deur die eeue gevolg word.

Kontroleerbaar

Die norme kan nooit persoonsgebonde wees in die sin dat elke mens nou sy eie norme kan formuleer nie. Immers Christus sê self (Joh. 16 : 13, 14) van die Heilige Gees: „Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig”. Norme is dus altyd controleerbaar omdat die Gees Christusgebonde en Skrifgebonde is. Geesteskinders wat Geestesgeleid is, moet dus in hulle sedelike lewe Christus- en Woordgebonde wees.

Ons besluit dan en sê: Norme is Skrifgebonde en ons word Geestesgeleerd om in die praktyk van die lewe 'n eie lewenspatroon te volg wat ons self verantwoordelik stel vir ons gehoorsaamheid as Gods kinders aan Gods verordeninge. Die groot verantwoordelikheid is om menswaardig op te tree as beelddraers van God in gehoorsaamheid aan Gods gebod wat eis liefde tot God en liefde tot ons naaste. Dan sal ons ook Gode-waardig lewe.